Tema: Vertrou biddend op God en rol jou moue op in tranewerk, want daarin lê God se belofte van ’n wonderlike vreugde-oes waarna jy mag uitsien!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 159: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 42–3: 1, 2
Votum
Seën
Lofpsalm: Ps. 126–1: 1, 2 (tweede melodie)
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Die Wet: Eksodus 20
Sing: Ps. 119–2: 14, 19

Woorddiens
Gebed
Skriflesing Psalm 126
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir BNB
Sing Ps. 126–1: 3 (tweede mel)
Seën
Amenlied

Geliefde brs en srs

Soos wat die harde realiteite ons tref na die verwoesting wat die pandemie in mense se lewens en die ekonomie aangerig het, kan ons nie anders as om net op God te vertrou om vir ons uitkoms te bewerk nie!

Maar ons kan nie net op God vertrou en niks doen nie - ons moet ook inspring, ons moue oprol en die harde werk begin doen! Ons kan nie wag dat regering of een of ander organisasie moet kom om ons omstandighede te verander, ons moet aan die werk spring! In ons gesinslewe, in die kerklike lewe en in die burgerlike samelewing waar ons ons bevind!

En die wonderlike troos is dat God vir ons vanmore vir ons sê: **In die feit dat ons op Hom vertrou en ons moue oprol met harde werk, lê ook die belofte van ’n oes wat ons met blydskap gaan ontvang!**

Om hierdie rede is Psalm 126 vir ons ’n wonderlike aansporing en troos!

Toe die Here sy volk laat terugkom uit ballingskap, was dit vir hulle soos ’n droom wat waar geword het! Die feit dat hulle na 70 jaar weer in hulle eie land en in Jerusalem kon wees, was vir hulle ’n ongelooflike gebeurtenis! Maar die harde realiteit van ’n verwoeste land wat weer opgebou moes word, het hulle gou getref en daarom bid die digter smekend in vers 4 : verander tog weer ons lot. O Here!

Net soos wat die volk vir 70 jaar moes wag en vertrou dat God sal ingryp om hulle na hulle land en Jerusalem terug te bring, so rig hulle nou weer hulle vertroue volkome op God om hulle te help in die harde realiteit van die opbou van die verwoeste land!

En geliefdes, die metafoor wat die digter in vers 4 gebruik om God se ingryp met te vergelyk roep ons tot vaste geloofsvertroue sodat ons met vertroue kan bid!

Hy bid in vers 4 dat die Here hulle lot moet verander soos wat “waterstrome die suidland verander”! Die digter verwys hier na die Negevwoestyn in die suide van Israel wat ’n geweldige droë woestyngebied was! Dit is ’n winterreënvalstreek en hoe warmer die somer word, hoe minder water was daar en hoe swaarder het almal gekry! Die uitgedorde landskap was so onherbergsaam dat ’n mens sou dink dat dit nooit weer kan verander nie! Maar dan kom die winterreën en die droë spruite en riviere word skielik vol water en die landskap ontvang uitkoms met die reën en daar is weer hoop en lewe!

So sien die digter God se ingrepe as ’n wonderwerk! Alles mag lyk asof dit dood is en asof daar niks meer oor is, asof alles tevergeefs is! Maar wanneer God ingryp dan bring Hy nuwe lewe uit hierdie doodsheid na vore! Net soos die winterreënval ’n woestyn in ’n blommeland kan verander. Ons dit hier ook in ons eie Namakwaland se blommetyd!

Daarom geliefde, brs en srs, kan ons biddend op die Here vertrou! Al lyk omstandighede in ons land vir ons op hierdie oomblik baie sleg, al lyk dit vir ons metafories soos ʼn dooie woestyn waaruit daar niks kan voortkom nie, God kan dit alles verander! Daarom moet ons Hom vertrou! Ons land en sy mense is in God se hand! Nie in die hande van die regering nie!

En ons kan Hom vertrou want die verrassende openbaring van Psalm 126 is nie net dat God vir die mens sê: rol julle moue op en doen die harde werk nie! Dat die mens wat met trane saai, met vreugde sal oes nie!
Nee, God tree self so op!
Brs en srs en liewe kinders: Aan wie dink jy wanneer ons hierdie woorde in vers 6 lees? :
"Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra". Jy dink aan jouself nê! Jy dink aan die mens in sy of haar worsteling hier op aarde! Maar geliefdes, dis nie maar net ʼn gewone mens waarvan die digter hier skrywe nie! Ja, dit ook – maar hy sien verder!

Hy sien God wat in Christus ook met trane saai!
Hy sien digterlik vir God in trane oor ʼn stukkende wêreld. Hoe God ook huil oor ʼn verwoeste Israel as gevolg van die volk se sonde! Maar hy sien ook hoe God sorg vir ʼn oes van vreugde en blydskap

Wanneer God na die sondeval in Genesis 3 na Adam en Eva in die paradys roep, dan is dit ʼn roep met trane! Waar is jy? Wanneer God in Genesis 6 die verskriklike verval van die mensdom sien, dan huil Hy daaroor! Wanneer God in Jesaja 49 huil oor sy volk se sonde, dan is die sy belofte van herstel wat die volk terugbring!

Daarom lees ons ook in Johannes 3: 16 van God wat huil oor ʼn verlore wêreld! Oor mense verlore in sonde! Maar dan stuur Hy sy Seun sodat ons gered kan word! Ons Here Jesus se verlossingspad was ʼn pad wat Hy met trane geloop het! Hy huil oor nood van verlorenes en sondaarmense! Hy huil oor die dood as straf op die sonde by Lasarus se graf! Hy huil oor Jerusalem se inwoners wat hulle nie wil bekeer nie! En so saai Hy Jesus Homself tot in die dood met trane sodat daar vir ons lewe kan wees! Daardie Vrydag met sy kruisiging en begrafnis het dit gelyk asof alles tevergeefs is! Dit is soos die Negevwoestyn – alles tot niet!

Maar dan die vreugde-oes! Die Sondagoggend staan Hy op uit die dood! Hy skenk aan elkeen wat in Hom glo, die nuwe lewe! Jesus is soos die lentereën vir die Negevwoestyn – Hy bring lewe en vreugde! Hy red! Hy vaar op na die hemel en daar sit Hy as koning waar Hy oor die wêreld regeer en vandaar maak Hy seker dat ons ook aan die vreugde-oes van geloof kan deel!

Brs en srs en liewe kinders, God doen die onmoontlike – uit die woestyn van die dood bring Hy nuwe lewe in Christus na vore! Daarom, kan ons God vertrou om vir ons in die mees onmoontlike situasie, ook uitkoms te bewerk! En daarom moet ons op ons

knieë bly vir ons en ons land! Dat ons met vaste geloof bid: Here, verander tot ook ons lot!
Gebed is nou een van die belangrikste take van gelowiges en van die kerk in ons land! Dat ons biddend intree vir die nood van ons land en sy mense! Nooit mag ons net bid vir onsself en ons eie behoeftes en oorlewing nie! Ons is hier as kerk en gelowiges geplaas om te bid vir ander sodat hulle saam met ons kan deel in die vreugde-oes wat God beloof!

Bid vir almal wat die Here nie ken nie en nog in sondeverlorenheid vasgevang is. Bid vir almal in nood – die behoeftiges, die siekes, Bid vir ons regering en vir ons land! Ons mag nie in selfverheffing ons verlekker oor ŉ regering wat besig is om in mekaar te tuimel nie! Bid dat die Here orde en stabiliteit bring – ook politieke orde! Wanorde en chaos is die werktuie van Satan om alle af te breek en te vernietig! Bid vir plaaslike regerings sodat ons maatskaplike strukture in plek kan bly en mense noodsaaklike dienste kan ontvang!

Bid vir gelowiges en die kerke wat nog vashou aan die waarheid – dat hulle staande sal bly en nou met kragdadigheid getuienis sal lewer van wat reg is!

Brs en srs, so saai ons in trane met ons gebedswerk! Dis harde werk waarmee volgehou moet word!

En weet julle wat? God saai nou nog steeds saam met ons in trane! Alhoewel Christus vir ons ŉ nuwe lewe geskep het, beteken dit nie dat alle stryd nou verby is nie! Nee, ons moet steeds moue oprol om die gevolge van die sonde in ons lewe, op te ruim! En wanneer ons daarmee worstel dan lees ons in Romeine 8 dat die Heilige Gees saam met ons sug! Hy smeek met trane by God vir ons!

Geliefde, brs en srs, God wat in trane saai en oes, Hy is die bron van ons vertroue en ons krag! In Hom lê die vreugde van die oes geanker! Hy waarborg dit! Dit is mos ook waarom God aan ons die Heilige Gees gegee het! Die Heilige Gees is die kwitansie van ŉ vreugde-oes wat reeds verseker is! Die boere sal hierdie metafoor goed verstaan: Die Heilige Gees is soos oesverseker! God sal uitbetaal! Ons sal deel aan die vreugde wat God vir sy kinders wil gee!

En daarom kan en moet ons ook die moue oprol en hard werk! Ons bid maar ons werk ook! Op alle terreine van die lewe!

Dit begin in ons huise! Waar ouers met trane in die huwelik saai! Waar ons die harde werk aan ons huweliksverhouding doen, sodat ons kan deel in die vreugde-oes wat God in die huwelik belowe!

Ouers wat met trane in hulle kinders se lewe saai! Harde werk aan opvoeding, tug en dissipline! Liefde en leiding! Hierdie harde werk aan die opvoeding sal vir julle as ouers ŉ vreugde-oes gee!
Gelowige gesinne wat met trane in die geloof saai, sal die vreugde van die oorwinning smaak!

Gelowiges wat met trane in op hulle werksakker saai! Om getrou en goed jou werk te doen Leerders en studente wat met trane saai in hulle studies saai, sal die vreugde van sukses oes!

Gelowiges wat as koninkryksburgers met trane in die wêreld rondom ons saai, sal die vreugde van die koningryk beërwe! Dis is wat Jesus ons in Matteus 5 leer! Dat ons met trane hard werk aan reg en geregtigheid! Dat ons onreg en uitbuiting in die samelewing beveg en sulke mense bystaan! Dat ons betrokke raak by die opbou van ons eie omgewing en strukture en nie maar net na ons eie belange omsien nie! Dat ons die harde werk doen om vrede en versoening tussen mense en bevolkingsgroepe te soek en nie deelneem aan haat en die afbreek van verhoudinge nie! Ja geliefdes, wanneer ons die rampspoedige gevolge van die sonde in ons samelewing raaksien en beveg, sal ons die vreugde van oorwinning smaak!

Ook in die kerk! Ampsdraers en lidmate, ja almal wat met trane in die gemeente in hulle dienswerk saai, sal die vreugde ŉ die Here belewe! Daar is vir ons baie harde werk om te doen aan die gemeenskap van gelowiges na hierdie afsondering en verwydering wat deur die pandemie veroorsaak is! Dat ons nie in selfsug verval en vergeet van die opdrag tot gemeenskap van gelowiges en die kollektiewe taak van ŉ gemeente nie!

Ook hulle wat met trane die pad van die ouderdom stap, sal met vreugde die rus van God ontvang! Wie die tranepad van beproewing loop, sal die vreugde van die Here se troos ontvang!

Geliefdes, dis God se belofte en dit staan vas! Nie omdat ek en jy iets doen nie, maar omdat God die onmoontlike doen! Omdat Hyself die pad van trane geloop het, om vir ons die vreugde van die oes te verseker! Juis omdat ons hierdie vaste belofte van God het, kan ons ook ons moue oprol en die harde werk doen!

Daarom geliefdes, laat ons nie moedeloos word as ons ŉ stukkende wêreld rondom ons sien lê nie – soos toe Israel na 70 jaar in ŉ verwoeste land tuisgekom het nie! **Kom ons vertrou die Here, kom ons bid Hom om die uitkoms – al lyk dit ook hoe onmoontlik! En kom ons rol ons moue op en doen die harde werk! Ons saai met trane en sal met vreugde oes**!

Nou reeds hier op aarde, maar die volheid van die oes wag ook vir ons wanneer ons Here Jesus terugkeer! Dan sal daar geen trane meer wees nie! Geen gebrokenheid nie! Geen sonde nie! Net die vreugde van ŉ oes – ryk en oorvloed! Die vreugde om by God te wees en in Hom ŉ vreugdelewe tot in ewigheid te geniet!

Amen